(2) Waar 'n groep van twee of meer persone tegelykertyd tot 'n plek van vermaaklikheid toegelaat word, kan enige persoon wat lid is van sodanige groep die amptelike toegangsbewys ten opsigte van enige ander lid of lede van sodanige groep tesame met sy eie amptelike toegangsbewys aan die deurwag oorhandig, een sodanige persoon word geag die houer van sodanige toegangsbewyse te wees: Met dien verstande dat, waar sodanige persoon meer as 25 sodanige toegangsbewyse aan die deurwag oorhandig, hy tergelykertyd 'n dokument soos in regulasie 20 beskrywe ten opsigte van al sodanige toegangsbewyse, aan die deurwag moet oorhandig.

24. (1) Die deurwag moet, wanneer 'n houer ingevolge die bepalings van regulasie 23 enige amptelike toegangsbewys aan hom oorhandig—

(a) die twee dele van sodanige toegangsbewys van mekaar skei;

(b) een sodanige deel aan die houer teruggee;

(c) die ander deel en enige dokument in regulasie 23 (2) bedoel—

(i) bewaar tot minstens na afloop van die betrokke vermaaklikheid; en

(ii) op versoek aan 'n amptenaar oorhandig.

(2) Die deurwag laat dan, behoudens die bepalings van subregulasie (3), die getal persone toe vir wie aan hom amptelike toegangsbewyse oorhandig is.

(3) In die geval van 'n dans kan die deurwag die houer van 'n dubbel amptelike toegangsbewys soos in regulasie 17 (3) bedoel, sowel as een ander persoon deur die houer aangewys, toelaat.

25. (1) Die houer moet dié deel van enige toegangsbewys ingevolge die bepalings van regulasie 24 (1) (b) aan hom teruggee—

(a) bewaar totdat hy finaal die plek van vermaaklikheid verlaat; en

(b) op versoek aan 'n amptenaar oorhandig.

(2) Waar 'n houer van 'n deel van 'n toegangsbewys ingevolge die bepalings van regulasie 23 (2), die plek van vermaaklikheid finaal verlaat voor 'n persoon ten opsigte van wie hy bedoelde deel hou, moet hy sodanige deel aan bedoelde persoon oorhandig.

(3) Sodanige persoon moet bedoelde deel—

(a) bewaar totdat hy finaal die plek van vermaaklikheid verlaat; en

(b) op versoek aan 'n amptenaar oorhandig.

(4) Iedereen wat 'n bepaling van hierdie regulasie oortree of versuim om daaraan te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf.

## CHAPTER V.

### APPROVAL OF ADMINISTRATOR FOR PAYMENT OF TAX ON DECLARATION.

26. Any application for payment of tax other than by way of purchase of official admission tickets only, shall be made in writing by the promoter concerned or his duly authorized agent to the Administrator as hereinafter provided in these Regulations.

27. Every application shall—

(*a*) be in writing; and

(*b*) reach the Administrator not less than fourteen days prior to the date of any entertainment in respect of which the application is made: Provided that the Administrator may, for any good reason submitted to him, grant exemption from one or both of the requirements referred to in paragraphs (*a*) and (*b*).

28. (1) In each application the following details shall be furnished:—

(*a*) The name and address of the promoter;

(*b*) the address of every place where an entertainment as mentioned in the application is to be held;

(*c*) the date upon which each said entertainment is to be held or the period for which approval is sought;

(*d*) the nature of each intended entertainment;

(*e*) the arrangements and conditions proposed with regard to the payment of tax;

(*f*) the manner in which admission to each place of entertainment will be obtained;

(*g*) the amount or amounts (excluding tax) to be charged for admission and, with regard to each such amount, whether it is an original or a further payment for admission as provided in regulation 8,

(*h*) whether any tax in terms of the Cinematograph Films Tax Act, 1960, has been included in the charge for admission referred to in paragraph (*g*) and, if so, the amount thereof;

(*i*) where any part of the charge for admission referred to in paragraph (*g*), represents payment for other privileges, rights or purposes besides admission to such entertainment, what part of the said charge for admission is claimed to represent such payment, the reasons for the claim and the nature of such privileges, rights or purposes;

(*j*) in the case of a dance, whether the charge for admission referred to in paragraph (*g*), will be paid in respect of a double admission as contemplated in regulation 17 (3) or not; and

(*k*) any further particulars hereinafter prescribed by these regulations.

(2) The Administrator may, in respect of any application in terms of this Chapter, call for any supplementary information, which information shall be furnished before the Administrator arrives at any decision.

29. (1) The Administrator may—

(*a*) refuse any application made in terms of this Chapter;

(*b*) grant any application made in terms of this Chapter on the conditions proposed in the application; or

(*c*) grant any application made in terms of this Chapter on other, amended or additional conditions, relating to all or any of the entertainments or a portion of or the whole period mentioned in such application.

(2) Where an application is granted wholly or in part, the Administrator shall determine—

(*a*) an amount as security for the payment of the tax, in the form of cash, bank guarantee or an indemnity bond by an insurance company, which security may be revised at any time, on a request by the promoter or by the Administrator of his own accord;

## HOOFSTUK V.

### GOEDKEURING VAN ADMINISTRATEUR VIR BETALING VAN BELASTING BY VERKLARING.

26. Enige aansoek om betaling van belasting anders as alleenlik by wyse van die aankoop van amptelike toegangsbewyse, moet skriftelik deur die betrokke ondernemer, of sy behoorlik gemagtigde agent, gedoen word aan die Administrateur en wel soos hierna in hierdie regulasies bepaal.

27. Elke aansoek moet—

(*a*) skriftelik wees; en

(*b*) die Administrateur minstens 14 dae voor die datum van enige vermaaklikheid ten opsigte waarvan die aansoek gedoen word, bereik: Met dien verstande dat die Administrateur om enige goeie rede aan hom voorgelê, vrystelling kan verleen van een of albei die vereistes in paragrawe (*a*) en (*b*) vermeld.

28. (1) In elke aansoek word die volgende besonderhede verstrek:—

(*a*) Die naam en adres van die ondernemer;

(*b*) die adres van elke plek waar 'n vermaaklikheid in die aansoek genoem, gehou gaan word;

(*c*) die datum waarop elke bedoelde vermaaklikheid gehou gaan word, of die tydperk waarvoor goedkeuring aangevra word;

(*d*) die aard van elke bedoelde vermaaklikheid;

(*e*) welke reëlings en voorwaardes met betrekking tot die betaling van belasting voorgestel word;

(*f*) op welke wyse toelating tot elke plek van vermaaklikheid verkry word;

(*g*) die bedrag of bedrae (belasting uitgesluit) wat as toegangsgeld geverg sal word en, met betrekking tot elke sodanige bedrag, of dit 'n oorspronklike of 'n verdere betaling vir toelating is soos bepaal in regulasie 8;

(*h*) of enige belasting ingevolge die Wet op Belasting van Kinomatograaffilms, 1960, by die toegangsgeld in paragraaf (*g*) gemeld, ingesluit is en, indien wel, die bedrag daarvan;

(*i*) waar enige deel van die toegangsgeld in paragraaf (*g*) vermeld, betaling is vir ander voorregte, regte of doeleindes benewens toelating tot sodanige vermaaklikheid, welke deel van bedoelde toegangsgeld daar beweer word sodanige betaling is, die redes vir die bewering en die aard van bedoelde voorregte, regte of doeleindes;

(*j*) in die geval van 'n dans, of die toegangsgeld in paragraaf (*g*) genoem, betaal word ten opsigte van 'n dubbel toelating, soos in regulasie 17 (3) bedoel, al dan nie; en

(*k*) enige verdere gegewens wat hierna by hierdie regulasies voorgeskryf word.

(2) Die Administrateur kan, ten opsigte van enige aansoek ingevolge hierdie Hoofstuk, enige aanvullende inligting versoek, welke inligting verstrek moet word alvorens die Administrateur tot 'n besluit geraak.

29. (1) Die Administrateur kan enige aansoek ingevolge hierdie Hoofstuk gedoen—

(*a*) weier;

(*b*) toestaan op die voorwaardes in die aansoek voorgestel; of

(*c*) toestaan op ander, gewysigde of addisionele voorwaardes, en wel met betrekking tot al of enige van die vermaaklikhede of 'n deel van of die hele tydperk in sodanige aansoek genoem.

(2) Waar 'n aansoek in sy geheel of gedeeltelik toegestaan word, bepaal die Administrateur—

(*a*) 'n bedrag as sekuriteit vir die betaling van die belasting, in die vorm van kontant, bankwaarborg of 'n verbintenis tot skadeloosstelling deur 'n versekeringsmaatskappy, welke sekuriteit te eniger tyd op versoek van die ondernemer of uit eie beweging deur die Administrateur hersienbaar is;

(*b*) the receiver of revenue with whom the said security shall be lodged;

(*c*) the manner in which admission to each place of entertainment concerned shall take place: Provided that admission shall take place only in one or more of the manners provided for in these regulations;

(*d*) the various amounts which may be demanded as charges for admission, which amounts shall constitute the amounts referred to in regulation 28 (1) (*g*);

(*e*) which portion of each amount referred to in paragraph (*d*) shall be taxable; and

(*f*) any other condition he may deem desirable: Provided that in the case of an application as contemplated in Chapter X, paragraphs (*a*), (*b*) and (*f*) only shall be applicable.

(3) The decision of the Administrator contemplated in sub-regulation (2) shall be conveyed to the applicant in writing, and the said document shall also contain the following:—

(*a*) A reference number; and

(*b*) a certificate which shall be completed and signed by a receiver of revenue to indicate that the prescribed security has been lodged with him.

(4) The approval of the Administrator shall have effect only when the specified security has been lodged and the receiver of revenue concerned has completed and signed the certificate referred to in sub-regulation (3).

(5) The ducument provided for in sub-regulation (3) shall—

(*a*) be kept with the register;

(*b*) be kept for not less than thirty days after any entertainment to which it relates; and

(*c*) be handed over to an official on demand.

(6) In cases where the Commissioner has lawfully granted permission to any promoter prior to the 1st July, 1960, to pay tax on declaration, and security has already been given prior to such date in terms of such consent—

(*a*) such consent shall be deemed to have been given in terms of these regulations;

(*b*) the security shall be deemed to have been determined and lodged in terms of these regulations; and

(*c*) the manner in which admission to the place of entertainment concerned took place on the 30th June, 1960, and the amounts demanded as charges for admission on the 30th June, 1960, shall be deemed to have been determined by the Administrator in terms of these regulations.

(7) Any person failing to comply with any provision of sub-regulation (5) shall be guilty of an offence.

30. (1) Should any condition imposed by the Administrator in terms of the provisions of regulation 29, not be complied with, the Administrator may, in his discretion, withdraw the permission, and order payment of the tax in any other manner, including the use of official admission tickets, or he may impose other conditions or additional or amended conditions.

(2) Any person wilfully failing to comply with any condition referred to in sub-regulation (1) shall be guilty of an offence.

31. (1) Where the Administrator grants permission for the payment of tax on declaration in respect of any entertainment in terms of this Chapter, such tax shall be paid in cash not later than the Wednesday of the week following the week in which such entertainment takes place, to the receiver of revenue where security has been lodged in terms of the provisions of regulation 29: Provided that the Administrator may, in his discretion, grant permission to a promoter to pay the tax at a later date but not later than ten days after the entertainment concerned.

(2) Any person failing to comply with any provision of sub-regulation (1) shall be guilty of an offence.

(*b*) die ontvanger van inkomste by wie bedoelde sekuriteit gegee moet word;

(*c*) die wyse waarop toelating tot elke betrokke plek van vermaaklikheid geskied: Met dien verstande dat toelating alleen geskied op een of meer van die wyses in hierdie regulasies bepaal;

(*d*) die verskillende bedrae wat as toegangsgeld geverg mag word, welke bedrae die bedrae in regulasie 28 (1) (*g*) gemeld is;

(*e*) welke deel van elke bedrag in paragraaf (*d*) genoem, belasbaar is; en

(*f*) enige ander voorwaarde wat hy wenslik ag: Met dien verstande dat, in die geval van 'n aansoek soos in Hoofstuk X bedoel, alleenlik paragrawe (*a*), (*b*) en (*f*) van toepassing is.

(3) Die beslissing van die Administrateur in subregulasie (2) bedoel, word skriftelik aan die aansoeker verstrek, welke dokument ook die volgende bevat:—

(*a*) 'n Verwysingsnommer; en

(*b*) 'n sertifikaat wat deur 'n ontvanger van inkomste voltooi en onderteken word om aan te toon dat die voorgeskrewe sekuriteit aan hom gegee is.

(4) Die goedkeuring van die Administrateur word eers van krag wanneer die bepaalde sekuriteit gegee is en die betrokke ontvanger van inkomste die sertifikaat in subregulasie (3) genoem, voltooi en onderteken het.

(5) Die dokument in subregulasie (3) bepaal, word—

(*a*) by die register gehou;

(*b*) bewaar vir minstens 30 dae na afloop van enige vermaaklikheid waarop dit betrekking het; en

(*c*) op versoek aan 'n amptenaar oorhandig.

(6) In gevalle waar die Kommissaris voor 1 Julie 1960 wettiglik toestemming verleen het aan enige ondernemer om belasting by verklaring te betaal, en sekuriteit reeds voor sodanige datum ingevolge sodanige toestemming gegee is word—

(*a*) sodanige toestemming geag gegee te gewees het kragtens hierdie regulasies;

(*b*) die sekuriteit geag bepaal en gegee te gewees het kragtens hierdie regulasies; en

(*c*) die wyse waarop toelating op 30 Junie 1960, tot die betrokke plek van vermaaklikheid geskied het en die bedrae wat op 30 Junie 1960 as toegangsgeld geverg was, geag deur die Administrateur kragtens hierdie regulasies bepaal te gewees het.

(7) Iedereen wat versuim om aan enige bepalings van subregulasie (5) te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf.

30. (1) Indien enige voorwaarde deur die Administrateur ingevolge die bepalings van regulasie 29 gestel, nie nagekom word nie, kan die Administrateur na goeddunke die vergunning intrek en gelas dat die belasting betaal moet word op enige ander wyse, insluitende die gebruik van amptelike toegangsbewyse, of hy kan ander voorwaardes of addisionele of gewysigde voorwaardes stel.

(2) Iedereen wat opsetlik versuim om aan enige voorwaarde in subregulasie (1) bedoel, te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf.

31. (1) Waar die Administrateur ingevolge hierdie Hoofstuk toestemming verleen tot die betaling van belasting by verklaring ten opsigte van enige vermaaklikheid, word sodanige belasting nie later nie as die Woensdag van die week ná die week waarin sodanige vermaaklikheid plaasvind kontant by die ontvanger van inkomste betaal waar sekuriteit ingevolge die bepalings van regulasie 29 gegee is: Met dien verstande dat die Administrateur na goeddunke toestemming kan verleen aan 'n ondernemer om die belasting later te betaal, maar nie meer as 10 dae na afloop van die betrokke vermaaklikheid nie.

(2) Iedereen wat versuim om aan enige bepaling van subregulasie (1) te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf.

## CHAPTER VI.

### APPLICATIONS FOR A DECLARATION BY THE ADMINISTRATOR IN TERMS OF SECTION *eleven* (1) (*b*) OF THE ORDINANCE.

32. Any application for a declaration by the Administrator in terms of the provisions of section *eleven* (1) (*b*) of the Ordinance shall—

(*a*) be in writing; and

(*b*) reach the Administrator not less than seven days prior to the date of any entertainment in respect of which the application is made:

Provided that the Administrator may for any good reason submitted to him grant exemption from one or both of the requirements referred to in paragraphs (*a*) and (*b*).

33. In each such application the following particulars shall be furnished in regard to each entertainment:—

(*a*) The society or organisation which is the promoter of the entertainment;

(*b*) the nature of the society or organisation referred to in paragraph (*a*);

(*c*) the address of the secretary or other member of such society or organisation to whom correspondence may be sent;

(*d*) the place where the entertainment is to be held;

(*e*) the date on which the entertainment is to be held;

(*f*) whether any paid producer, director or performer is concerned in the entertainment;

(*g*) the nature of the entertainment; and

(*h*) why it is contended that the entertainment is in the national or public interest.

34. (1) The Administrator may—

(*a*) refuse such application; or

(*b*) grant such application in respect of any entertainment mentioned therein,

and such decision shall be conveyed to the person mentioned in regulation 33 (*c*) in writing.

(2) The document as provided in sub-regulation (1) shall be available at all times during any entertainment mentioned therein at the place of entertainment concerned and shall be handed to an official on demand.

(3) Any person failing to comply with the provisions of sub-regulation (2) shall be guilty of an offence.

## CHAPTER VII.

### ORDINARY ADMISSION TICKETS.

35. (1) Application for approval for the use of admission tickets other than official admission tickets at any entertainment shall be made in terms of the provisions of Chapter V.

(2) In such application it shall in addition be stated whether admission tickets with serial numbers or admission tickets with seat numbers according to the rack booking system will be issued.

(3) Where a rack booking system is to be used, the number of seats in respect of which such system will operate shall be stated in the application.

36. (1) Every admission ticket in terms of the provisions of this Chapter shall comply with the following requirements:—

(*a*) It shall be of paper or cardboard or similar material capable of being torn;

(*b*) the following particulars shall be furnished twice on each one prior to issue, and in such a manner that it is possible to divide the ticket into two parts so that all the particulars appear on each such part:—

(i) A serial or seat number;

(ii) the price of admission and the fact that such amount includes tax; or

(iii) the price of admission, the amount of the tax payable, and the fact that tax is not included in such price of admission;

## HOOFSTUK VI.

### AANSOEKE OM 'N VERKLARING DEUR DIE ADMINISTRATEUR INGEVOLGE ARTIKEL *elf* (1) (*b*) VAN DIE ORDONNANSIE.

32. Enige aansoek om 'n verklaring deur die Administrateur ingevolge die bepalings van artikel *elf* (1) (*b*) van die Ordonnansie moet—

(*a*) skriftelik wees; en

(*b*) die Administrateur minstens sewe dae voor die datum van enige vermaaklikheid ten opsigte waarvan die aansoek gedoen word, bereik:

Met dien verstande dat die Administrateur om enige goeie rede aan hom voorgelê, vrystelling kan verleen van een of beide van die vereistes in paragrawe (*a*) en (*b*) vermeld.

33. In elke sodanige aansoek word die volgende besonderhede verstrek met betrekking tot elke vermaaklikheid:—

(*a*) Welke genootskap of organisasie die ondernemer van die vermaaklikheid is;

(*b*) die aard van die genootskap of organisasie in paragraaf (*a*) bedoel;

(*c*) die adres van die sekretaris of ander lid van sodanige genootskap of organisasie aan wie korrespondensie gestuur kan word;

(*d*) die plek waar die vermaaklikheid gehou gaan word;

(*e*) die datum waarop die vermaaklikheid gehou gaan word;

(*f*) of enige betaalde opvoerder, direkteur of speler by die vermaaklikheid betrokke is;

(*g*) die aard van die vermaaklikheid; en

(*h*) waarom daar aangevoer word dat die vermaaklikheid in die nasionale of publieke belang is.

34. (1) Die Administrateur kan sodanige aansoek—

(*a*) weier; of

(*b*) ten opsigte van enige vermaaklikheid daarin vermeld, toestaan,

en sodanige besluit word skriftelik aan die persoon in regulasie 33 (*c*) vermeld, meegedeel.

(2) Die dokument in subregulasie (1) bepaal, moet te alle tye tydens enige vermaaklikheid daarin vermeld, by die betrokke plek van vermaaklikheid beskikbaar wees, en moet op versoek aan 'n amptenaar oorhandig word.

(3) Enigeen wat versuim om aan die bepalings van subregulasie (2) te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf.

## HOOFSTUK VII.

### GEWONE TOEGANGSBEWYSE.

35. (1) Aansoek om goedkeuring vir die gebruik van toegangsbewyse, anders as amptelike toegangsbewyse, by enige vermaaklikheid moet ingevolge die bepalings van Hoofstuk V gedoen word.

(2) In sodanige aansoek word ook gemeld of toegangsbewyse met volgnommers of toegangsbewyse met sitpleknommers ingevolge die rakbesprekingstelsel uitgereik gaan word.

(3) Waar 'n rakbesprekingstelsel gebruik gaan word, moet die aantal sitplekke ten opsigte waarvan sodanige stelsel sal funksioneer, in die aansoek aangegee word.

36. (1) Elke toegangsbewys ingevolge die bepalings van hierdie Hoofstuk, voldoen aan die volgende vereistes:—

(*a*) Dit moet van papier of karton of dergelike materiaal wat geskeur kan word, wees;

(*b*) Die volgende gegewens word twee maal op elkeen aangebring voordat dit uitgereik word, en wel op so 'n wyse dat die bewys in twee verdeel kan word sodat al die gegewens op elke sodanige deel verskyn:—

(i) 'n Volg- of sitpleknommer;

(ii) die toegangsprys en die feit dat sodanige bedrag belasting insluit; of

(iii) die toegangsprys, die bedrag van die belasting betaalbaar, asook die feit dat belasting nie by sodanige toegangsprys ingesluit is nie;

(iv) the date of the entertainment to which the said ticket affords admission;

(v) subject to the provisions of sub-regulation (2), the entertainment to which admission is afforded, should more than one entertainment of the same promoter take place on the date contemplated in sub-paragraph (iv); and

(vi) in the case of a double admission ticket as provided in regulation 17 (3), such fact; and

(c) admission tickets in respect of the various prices of admission shall differ from one another in colour or design or both.

(2) The provisions of sub-regulation (1) (b) (v) shall not apply where different admission tickets, as regards colour or design or both, are used at each such entertainment held on the same date.

37. (1) No promoter or member of the staff shall—

(a) (i) sell an admission ticket described in regulation 36 at a price in excess of the price of admission appearing thereon, where tax is included in such price of admission; or

(ii) sell an admission ticket at a price in excess of the price of admission plus the tax payable appearing thereon, where such tax is not included in the price of admission,

plus any tax levied in terms of the Cinematograph Films Tax Act, 1960;

(b) sell an admission ticket at a price in excess of that determined by the Administrator in the document referred to in regulation 29 (3);

(c) sell, issue, use or otherwise deal with an admission ticket described in this Chapter, save as provided in these Regulations.

(2) Any person contravening any provision of sub-regulation (1) shall be guilty of an offence.

38. (1) Admission tickets with only seat numbers thereon shall only be issued in accordance with the rack booking system.

(2) No set of admission tickets in accordance with the rack booking system shall be supplemented until the sale of admission tickets for which the set has been compiled is finally discontinued.

(3) Duplicate admission tickets intended for the supplementation of any set of admission tickets referred to in sub-regulation (2), shall be sealed while admission tickets of that set are being issued.

(4) Subject to the provisions of sub-regulation (5), only admission tickets of the set concerned shall be issued in respect of any entertainment in connection with which a rack booking system operates.

(5) If a promoter, subject to the provisions of any other law, instals additional seats in any place of entertainment in respect of which a rack booking system operates, he shall, in accordance with the provisions of these regulations, issue official admission tickets in respect of admission to the said additional seats.

(6) Any person contravening any provision of this regulation or failing to comply therewith shall be guilty of an offence.

39. (1) Subject to the provisions of regulations 46 and 47 every admission ticket shall be issued as a whole.

(2) Admission tickets with serial numbers shall be issued in numerical sequence at every place where such issue takes place.

(3) Any person contravening any provision of this regulation or failing to comply therewith shall be guilty of an offence.

40. (1) If a cashier issues more than 25 admission tickets, other than admission tickets with seat numbers in accordance with the rack booking system, to one person in respect of one entertainment, he shall simultaneously issue a document, as provided in sub-regulation (2), to such person.

(iv) die datum van die vermaaklikheid waartoe die bedoelde bewys toegang verleen;

(v) behoudens die bepalings van subregulasie (2), die vermaaklikheid waartoe toegang verleen word indien meer as een vermaaklikheid van dieselfde ondernemer op die datum in subparagraaf (iv) bedoel, plaasvind; en

(vi) in die geval van 'n dubbel toegangsbewys soos in regulasie 17 (3) bepaal, sodanige feit; en

(c) toegangsbewyse ten opsigte van verskillende toegangspryse moet van mekaar verskil in kleur of ontwerp of albei.

(2) Die bepalings van subregulasie (1) (b) (v) is nie van toepassing nie waar verskillende toegangsbewyse, wat betref kleur of ontwerp of albei, by elke bedoelde vermaaklikheid op dieselfde datum gehou, gebruik word.

37. (1) Geen ondernemer of lid van die staf mag—

(a) (i) 'n toegangsbewys in regulasie 36 beskryf, verkoop teen 'n prys wat hoër is as die toegangsprys wat daarop voorkom nie, waar belasting by sodanige toegangsprys ingesluit is; of

(ii) 'n toegangsbewys verkoop teen 'n prys wat hoër is as die toegangsprys plus die betaalbare belasting wat daarop voorkom, waar sodanige belasting nie by die toegangsprys ingesluit is nie,

plus enige belasting gehef kragtens die Wet op Belasting van Kinomatograaffilms, 1960;

(b) 'n toegangsbewys verkoop teen 'n hoër prys as wat deur die Administrateur in die dokument in regulasie 29 (3) genoem, vasgestel is nie;

(c) 'n toegangsbewys in hierdie Hoofstuk beskryf, of enige deel daarvan, verkoop, uitreik, gebruik of andersins daarmee handel, uitgenome soos in hierdie regulasies voorgeskryf.

(2) Enigeen wat 'n bepaling van subregulasie (1) oortree, is skuldig aan 'n misdryf.

38. (1) Toegangsbewyse met sitpleknommers alleen daarop word slegs uitgereik volgens die rakbesprekingstelsel.

(2) Geen stel toegangsbewyse ingevolge die rakbesprekingstelsel mag aangevul word nie totdat die verkoop van toegangsbewyse vir die vermaaklikheid waarvoor die stel saamgestel is, finaal gestaak word.

(3) Duplikaat-toegangsbewyse wat bedoel is vir die aanvulling van enige stel toegangsbewyse in subregulasie (2) bedoel, moet verseël wees tydens die uitreiking van toegangsbewyse van sodanige stel.

(4) Behoudens die bepalings van subregulasie (5), mag slegs toegangsbewyse van die betrokke stel uitgereik word ten opsigte van enige vermaaklikheid waarby 'n rakbesprekingstelsel funksioneer.

(5) Indien 'n ondernemer, behoudens enige ander wetsbepalings, addisionele sitplekke in enige plek van vermaaklikheid ten opsigte waarvan 'n rakbesprekingstelsel funksioneer, aanbring, moet hy volgens die bepalings van hierdie regulasies, amptelike toegangsbewyse ten opsigte van toegang tot bedoelde addisionele sitplekke uitreik.

(6) Enigeen wat 'n bepaling van hierdie regulasie oortree of versuim om daaraan te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf.

39. (1) Behoudens die bepalings van regulasie 46 en 47, word elke toegangsbewys as 'n geheel uitgereik.

(2) Toegangsbewyse met volgnommers word in nommer volgorde uitgereik by elke plek waar sodanige uitreiking plaasvind.

(3) Enigeen wat 'n bepaling van hierdie regulasie oortree of versuim om daaraan te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf.

40. (1) Indien 'n kassier meer as 25 toegangsbewyse, uitgesonderd toegangsbewyse met sitpleknommers ingevolge die rakbesprekingstelsel, ten opsigte van een vermaaklikheid aan een persoon uitreik, moet hy tegelykertyd 'n dokument soos in subregulasie (2) bepaal, aan sodanige persoon uitreik.

(2) A document issued in terms of sub-regulation (1) shall contain the following particulars:—

(*a*) The number of admission tickets issued;

(*b*) the price paid for each admission ticket;

(*c*) the date of the entertainment in respect of which the said admission tickets have been issued;

(*d*) the specific entertainment to which admission is afforded, should more than one entertainment by the promoter concerned take place on such date; and

(*e*) the signature of the cashier.

41. (1) Immediately before any holder is admitted to a place of entertainment, he shall hand over the admission ticket issued to him, to the doorkeeper.

(2) Where a group of two or more persons is admitted to a place of entertainment simultaneously, any person who is a member of such group may hand the admission ticket in respect of any other member or members of such group, together with his own admission ticket to the doorkeeper, and such person shall be deemed to be the holder of such admission ticket: Provided that, where such a person hands more than 25 admission tickets, other than admission tickets with seat numbers in accordance with the rack booking system, to the doorkeeper, he shall simultaneously hand a document as described in regulation 40 in respect of all such admission tickets to the doorkeeper.

42. (1) The doorkeeper shall, when a holder hands any admission ticket to him in terms of the provisions of regulation 41—

(*a*) divide the admission ticket into two in such a manner that the particulars provided by regulation 36 (1) appear on each such part;

(*b*) return one part thereof to the holder; and

(*c*) (i) retain at least until after the conclusion of the entertainment concerned; and

(ii) hand over to an official on demand,

the other part and any document contemplated in regulation 40 (2).

(2) The doorkeeper shall then, subject to the provisions of sub-regulation (3), admit the number of persons for whom admission tickets have been handed to him.

(3) In the case of a dance the doorkeeper may admit the holder of a double admission ticket as contemplated in regulation 17 (3) as well as one other person designated by the holder.

43. (1) The holder shall—

(*a*) retain until he finally leaves the place of entertainment; and

(*b*) hand over to an official on demand,

that portion of any admission ticket returned to him in terms of the provisions of regulation 42 (1) (*b*).

(2) Where a holder of a part of an admission ticket in terms of the provisions of regulation 41 (2) finally leaves the place of entertainment before a person in respect of whom he holds the said part, he shall hand such part to the said person.

(3) Such person shall—

(*a*) retain such part until he finally leaves the place of entertainment; and

(*b*) hand such part to an official on demand.

(4) Any person contravening any provision of this regulation or failing to comply therewith shall be guilty of an offence.

44. (1) Where any person as contemplated in regulation 8 is admitted to another portion, or seat in, a place of entertainment, and admission tickets with serial numbers are used, a transfer ticket as provided in sub-regulation (2) shall be issued to such person in terms of the provisions of regulation 45.

(2) 'n Dokument ingevolge subregulasie (1) uitgereik, moet die volgende gegewens bevat:—

(*a*) Die aantal toegangsbewyse uitgereik;

(*b*) die prys vir elke sodanige toegangsbewys betaal;

(*c*) die datum van die vermaaklikheid ten opsigte waarvan bedoelde toegangsbewyse uitgereik is;

(*d*) die bepaalde vermaaklikheid waartoe toegang verleen word, indien daar meer as een vermaaklikheid deur die betrokke ondernemer op sodanige datum plaasvind; en

(*e*) die handtekening van die kassier.

41. (1) Onmiddellik voordat enige houer tot 'n plek van vermaaklikheid toegelaat word, moet hy die toegangsbewys aan hom uitgereik, aan die deurwag oorhandig.

(2) Waar 'n groep van twee of meer persone tegelykertyd tot 'n plek van vermaaklikheid toegelaat word, kan enige persoon wat lid is van sodanige groep die toegangsbewys ten opsigte van enige ander lid of lede van sodanige groep tesame met sy eie toegangsbewys aan die deurwag oorhandig, en sodanige persoon word geag die houer van sodanige toegangsbewyse te wees: Met dien verstande dat waar sodanige persoon meer as 25 toegangsbewyse, uitgesonderd toegangsbewyse met sitpleknommers ingevolge die rakbesprekingstelsel, aan die deurwag oorhandig, hy tegelykertyd 'n dokument soos in regulasie 40 beskrywe, ten opsigte van al sodanige toegangsbewyse, aan die deurwag moet oorhandig.

42. (1) Die deurwag moet, wanneer 'n houer ingevolge die bepalings van regulasie 41 enige toegangsbewys aan hom oorhandig—

(*a*) die toegangsbewys in twee verdeel op so 'n wyse dat die besonderhede by regulasie 36 (1) bepaal op elke sodanige deel verskyn;

(*b*) een deel daarvan aan die houer teruggee; en

(*c*) die ander deel, en enige dokument in regulasie 40 (2) bedoel—

(i) bewaar tot minstens na afloop van die betrokke vermaaklikheid; en

(ii) op versoek aan 'n amptenaar oorhandig.

(2) Die deurwag laat dan, behoudens die bepalings van subregulasie (3), die aantal persone toe vir wie aan hom toegangsbewyse oorhandig is.

(3) In die geval van 'n dans kan die deurwag die houer van 'n dubbel toegangsbewys soos in regulasie 17 (3) bedoel, sowel as een ander persoon deur die houer aangewys, toelaat.

43. (1) Die houer moet dié deel van enige toegangsbewys ingevolge die bepalings van regulasie 42 (1) (*b*) aan hom teruggegee—

(*a*) bewaar totdat hy finaal die plek van vermaaklikheid verlaat; en

(*b*) op versoek aan 'n amptenaar oorhandig.

(2) Waar 'n houer van 'n deel van 'n toegangsbewys ingevolge die bepalings van regulasie 41 (2) die plek van vermaaklikheid finaal verlaat voor 'n persoon ten opsigte van wie hy bedoelde deel hou, moet hy sodanige deel aan bedoelde persoon oorhandig.

(3) Sodanige persoon moet bedoelde deel—

(*a*) bewaar totdat hy finaal die plek van vermaaklikheid verlaat; en

(*b*) op versoek aan 'n amptenaar oorhandig.

(4) Iedereen wat 'n bepaling van hierdie regulasie oortree of versuim om daaraan te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf.

44. (1) Waar 'n persoon soos in regulasie 8 bedoel tot 'n ander gedeelte van, of sitplek in, 'n plek van vermaaklikheid toegelaat word, en toegangsbewyse met volgnommers gebruik word, word 'n oordragkaartjie soos bepaal in subregulasie (2) ingevolge die bepalings van regulasie 45 aan sodanige persoon uitgereik.

(2) The said transfer tickets shall comply with the following requirements: —

(a) Each one shall be printed on a more or less rectangular piece of paper;

(b) each one shall be perforated in two places more or less vertically over its width in such a manner that it is possible to tear it into three parts along the perforations;

(c) on each one of the three parts referred to in paragraph (b) the following shall appear: —

(i) The further payment as contemplated in regulation 8; and

(ii) a serial number; and

(d) the tickets shall be bound in booklets in numerical sequence and in such a manner that it will be possible to tear out two parts attached to one another and thus leave a third part in the booklet as a counterfoil.

45. (1) Before the holder of an admission ticket with a serial number is admitted to the said further portion of, or seat in, a place of entertainment, he shall hand to the cashier that part of the admission ticket returned to him by the doorkeeper in terms of regulation 42 (1) (b).

(2) The cashier shall then—

(a) sign or initial that portion of the admission ticket handed to him in terms of sub-regulation (1);

(b) inscribe on each of the three parts of the transfer ticket—

(i) the number of such portion;

(ii) the date of the entertainment concerned; and

(iii) in the event of more than one entertainment of the same promoter taking place on such date, an indication of the entertainment concerned;

(c) tear out two parts of the transfer ticket, still attached to one another, from the booklet so as to leave the third in the booklet as a counterfoil; and

(d) hand the said two parts, still attached to one another, as well as the portion of the admission ticket contemplated in paragraph (a) to the holder.

(3) Immediately before he is admitted to the said further portion of, or seat in, the place of entertainment, the holder shall hand to the doorkeeper the said part of the admission ticket as well as the transfer ticket issued to him.

(4) The doorkeeper shall then—

(a) separate the two parts of the transfer ticket handed to him from one another;

(b) return one such part to the holder;

(c) (i) retain until at least after the conclusion of the entertainment concerned; and

(ii) hand over to an official on demand;

the other part as well as the said part of the admission ticket; and

(d) admit the holder to the said further part of, a seat in, the place of entertainment.

(5) The holder shall—

(a) retain until he finally leaves the place of entertainment; and

(b) hand over to an official on demand,

that part of the transfer ticket returned to him by the doorkeeper.

(6) Transfer tickets shall be issued in numerical sequence.

(7) All counterfoils of transfer tickets shall be kept in the booklet for at least three months after any entertainment at which any transfer ticket from such booklet is used, and the booklet shall be handed over to an official on demand.

(8) Any person contravening any provision of sub-regulation (2), (4), (5), (6) or (7) or failing to comply therewith, or issuing any transfer ticket which does not comply with the requirements as provided in regulation 44 (2) shall be guilty of an offence.

(2) Bedoelde oordragkaartjies voldoen aan die volgende vereistes: —

(a) Elkeen word gedruk op 'n min of meer reghoekige stuk papier;

(b) elkeen word op twee plekke min of meer vertikaal oor die breedte deurprik op so 'n wyse dat dit langs die deurprikkings in drie dele geskeur kan word;

(c) op elkeen van die drie dele in paragraaf (b) genoem verskyn die volgende: —

(i) Die verdere betaling soos beoog in regulasie 8; en

(ii) 'n volgnommer; en

(d) die kaartjies word in nommer volgorde in boekies gebind op so 'n wyse dat twee dele aanmekaar geheg, uitgeskeur kan word om 'n derde deel in die boekie as 'n teenblad te laat.

45. (1) Voordat die houer van 'n toegangsbewys met 'n volgnommer tot die bedoelde verdere gedeelte van, of sitplek in, 'n plek van vermaaklikheid toegelaat word, moet hy die deel van die toegangsbewys ingevolge regulasie 42 (1) (b) aan hom deur die deurwag teruggegee, aan die kassier oorhandig.

(2) Die kassier moet dan—

(a) dié gedeelte van die toegangsbewys ingevolge sub-regulasie (1) aan hom oorhandig, onderteken of parafeer;

(b) (i) die nommer van sodanige gedeelte;

(ii) die datum van die betrokke vermaaklikheid; en

(iii) indien meer as een vermaaklikheid van dieselfde onderneming op sodanige datum plaasvind, 'n aanduiding van die betrokke vermaaklikheid,

op elk van die drie dele van die oordragkaartjie aanbring

(c) twee dele van die oordragkaartjie, nog aanmekaar geheg, uit die boekie skeur om die derde as 'n teenblad in die boekie te laat; en

(d) bedoelde twee dele, nog aanmekaar geheg, asook die gedeelte van die toegangsbewys in paragraaf (a) bedoel, aan die houer oorhandig.

(3) Onmiddellik voordat die houer tot die bedoelde verdere deel van, of sitplek in, die plek van vermaaklikheid toegelaat word, moet hy bedoelde deel van die toegangsbewys sowel as die aan hom uitgereikte oordragkaartjie aan die deurwag oorhandig.

(4) Die deurwag moet dan—

(a) die twee dele van die oordragkaartjie aan hom oorhandig, van mekaar skei;

(b) een sodanige deel aan die houer teruggee;

(c) die ander deel sowel as bedoelde deel van die toegangsbewys—

(i) bewaar tot minstens na afloop van die betrokke vermaaklikheid; en

(ii) op versoek aan 'n amptenaar oorhandig; en

(d) die houer tot die bedoelde verdere deel van, of sitplek in, die plek van vermaaklikheid toelaat.

(5) Die houer moet dié deel van die oordragkaartjie aan hom deur die deurwag teruggegee—

(a) bewaar totdat hy finaal die plek van vermaaklikheid verlaat; en

(b) op versoek aan 'n amptenaar oorhandig.

(6) Oordragkaartjies word in nommervolgorde uitgereik.

(7) Alle teenblaaie van oordragkaartjies moet in die boekie bewaar word vir ten minste drie maande na afloop van enige vermaaklikheid waarby enige oordragkaartjie van sodanige boekie gebruik is, en die boekie moet op versoek aan 'n amptenaar oorhandig word.

(8) Enigeen wat 'n bepaling van subregulasie (2), (4), (5), (6) of (7) oortree of versuim om daaraan te voldoen, of enige oordragkaartjie uitreik wat nie voldoen aan die vereistes soos bepaal in regulasie 44 (2), is skuldig aan 'n misdryf.

46. (1) Where admission to another seat in a place of entertainment as provided in regulation 8 takes place and admission tickets with seat numbers in accordance with the rack booking system are used, the following procedure shall be followed:—

(a) The holder shall hand to the cashier that part of the admission ticket returned to him by the doorkeeper;

(b) the cashier shall sign or initial that part on the reverse side thereof and endorse thereon the seat number of the new admission ticket to be issued;

(c) thereupon the cashier shall endorse the new admission ticket in two places with his signature or initial as well as the seat number of the part contemplated in paragraph (b), and shall do so in such a manner that it is possible to divide the admission ticket into two parts so that, in addition to the prescribed particulars, such signature or initials, and seat number shall also appear on each part;

(d) the cashier shall then divide the new admission ticket into two parts in such a manner that the prescribed particulars appear on each of the parts and he shall hand one such part to the holder;

(e) the cashier shall then cancel the other part of the new admission ticket by drawing two diagonal lines on the face thereof to form a cross, and shall replace it in the set together with the part of the original admission ticket handed to him by the holder, and the original admission ticket shall then be deemed not to have been issued;

(f) the holder shall produce that part of the new admission ticket handed to him by the cashier, to the doorkeeper, who shall thereupon admit him; and

(g) the holder shall retain such part until he finally leaves the place of entertainment and shall hand it over to an official on demand.

(2) Any person contravening any provision of paragraph (b), (c), (d) or (g) of sub-regulation (1) or failing to comply therewith shall be guilty of an offence.

47. (a) The parts of the admission tickets referred to in regulation 46 (1) (e) may be issued together as an admission ticket.

(b) If the said parts of the admission tickets are issued they shall afford admission only to the seat to which the original admission ticket afforded admission.

48. (1) The holder of the admission ticket referred to in regulation 47 shall immediately prior to admission to the place of entertainment hand both parts issued to him to the doorkeeper.

(2) The doorkeeper shall return the part of the original ticket of admission to the holder, who shall retain it until he finally leaves the place of entertainment and shall hand it over to an official on demand.

(3) The doorkeeper shall admit the holder and shall retain the other part cancelled by the cashier as provided by regulation 46 (1) (e), at least until after the conclusion of the entertainment, and he shall hand over such part to an official on demand.

(4) Any person contravening any provision of this regulation of failing to comply therewith shall be guilty of an offence.

*Emergency Tickets.*

49. (1) A promoter may, in his discretion, in cases where a holder fails to bring his admission ticket to the place of entertainment, issue an emergency ticket as provided in this regulation: Provided that an emergency ticket shall be issued only where the serial or seat number of the said admission ticket is known.

(2) Emergency tickets shall comply with the following requirements:—

(a) Each one shall be printed on a more or less rectangular piece of paper;

46. (1) Waar toelating tot 'n ander sitplek in 'n plek van vermaaklikheid soos in regulasie 8 bepaal, plaasvind en toegangsbewyse met sitpleknommers ingevolge die rakbesprekingstelsel gebruik word, word die volgende prosedure gevolg:—

(a) Die houer moet dié deel van die toegangsbewys aan hom deur die deurwag teruggegee aan die kassier oorhandig;

(b) die kassier onderteken of parafeer dié deel en bring op die agterkant daarvan aan die sitpleknommer van die nuwe toegangsbewys wat uitgereik gaan word;

(c) vervolgens moet die kassier op twee plekke agter op die nuwe toegangsbewys, sy handtekening of paraaf sowel as die sitpleknommer van die deel in paragraaf (b) bedoel, aanbring en wel op so 'n wyse dat die toegangsbewys in twee verdeel kan word sodat, benewens die voorgeskrewe besonderhede, ook sodanige handtekening of paraaf en sitpleknommer op elke deel voorkom;

(d) die kassier deel dan die nuwe toegangsbewys in twee op so 'n wyse dat die voorgeskrewe gegewens op elk van die dele voorkom en oorhandig een sodanige deel aan die houer;

(e) die kassier kanselleer dan die ander deel van die nuwe toegangsbewys deur 'n kruis van hoek tot hoek oor die voorkant daarvan te trek en plaas dit dan tesame met die deel van die oorspronklike toegangsbewys aan hom deur die houer oorhandig, in die stel terug en die oorspronklike toegangsbewys word dan geag onuitgereik te wees;

(f) die houer moet dié deel van die nuwe toegangsbewys deur die kassier aan hom oorhandig, aan die deurwag toon, wie hom dan toelaat; en

(g) die houer moet sodanige deel bewaar totdat hy die plek van vermaaklikheid finaal verlaat en moet dit op versoek aan 'n amptenaar oorhandig.

(2) Enigeen wat 'n bepaling van paragraaf (b), (c), (d) of (g) van subregulasie (1) oortree of versuim om daaraan te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf.

47. (a) Die dele van die toegangsbewyse in regulasie 46 (1) (e) vermeld, kan saam as 'n toegangsbewys uitgereik word.

(b) Indien die bedoelde dele van die toegangsbewyse uitgereik word, verleen dit alleen toegang tot die sitplek waartoe die oorspronklike toegangsbewys toegang verleen het.

48. (1) Die houer van die toegangsbewys in regulasie 47 bedoel moet, onmiddellik voordat hy tot die plek van vermaaklikheid toegelaat word, beide dele aan hom uitgereik, aan die deurwag oorhandig.

(2) Die deurwag moet die deel van die oorspronklike toegangsbewys aan die houer teruggee, wat dit moet bewaar totdat hy finaal die plek van vermaaklikheid verlaat en dit op versoek aan 'n amptenaar oorhandig.

(3) Die deurwag laat die houer toe en bewaar die ander deel wat deur die kassier gekanselleer is soos in regulasie 46 (1) (e) bepaal, tot minstens na afloop van die vermaaklikheid, welke deel hy op versoek aan 'n amptenaar moet oorhandig.

(4) Enigeen wat 'n bepaling van hierdie regulasie oortree of versuim om daaraan te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf.

NOODKAARTJIES.

49. (1) 'n Ondernemer kan in sy diskresie in gevalle waar 'n houer versuim om sy toegangsbewys na die plek van vermaaklikheid te bring, 'n noodkaartjie uitreik soos in hierdie regulasie bepaal: Met dien verstande dat 'n noodkaartjie slegs uitgereik word daar die volg- of sitpleknommer van bedoelde toegangsbewys bekend is.

(2) Noodkaartjies voldoen aan die volgende vereistes:—

(a) Elkeen word gedruk op 'n min of meer reghoekige stuk papier;

(b) each one shall be perforated in two place more or less vertically over its width in such a manner that it is capable of being torn into three parts along the perforations;

(c) on each of the three parts referred to in paragraph (b) a serial number shall appear; and

(d) the tickets shall be bound in booklets in numerical sequence and in such a manner that it will be possible to tear out two parts attached to one another and thus leave a third part in the booklet as a counterfoil.

(3) An emergency ticket shall be issued by the promoter only who shall sign it and furnish the following particulars on all three parts before he issues it:—

(a) The date of the entertainment concerned;

(b) in the event of more than one entertainment of the same promoter taking place on such date, an indication of the entertainment concerned; and

(c) the serial or seat number of the said admission ticket issued to the holder.

(4) Emergency tickets shall be issued in numerical sequence.

(5) An emergency ticket shall be issued to a person by—

(a) tearing out two parts of the emergency ticket still attached to one another from the booklet, so as to leave the third in the booklet as a counterfoil; and

(b) handing the said two parts, still attached to one another, to such person.

(6) Immediately before the holder of an emergency ticket is admitted to the place of entertainment he shall hand it to the doorkeeper.

(7) The doorkeeper shall then—

(a) separate the two parts of the emergency ticket from one another;

(b) return one such part to the holder;

(c) (i) retain at least until the conclusion of the entertainment concerned; and

(ii) hand over to an official on demand, the other part; and

(d) admit the holder to the place of entertainment as if he were the holder of the admission ticket in respect of which he obtained the emergency ticket.

(8) The holder shall—

(a) retain until he finally leaves the place of entertainment; and

(b) hand over to an official on demand, that part of the emergency ticket handed to him by the doorkeeper.

(9) All counterfoils of emergency tickets shall be kept in the booklet for at least three months after the conclusion of any entertainment at which an emergency ticket from such booklet is used, and the booklet shall be handed over to an official on demand.

(10) The number of each emergency ticket shall within 72 hours after it has been issued, be recorded in the register together with the other particulars in respect of the entertainment concerned as prescribed in these regulations.

(11) Any person contravening any provision of sub-regulation (1), (3), (4), (5), (6), (7), (8), (9) or (10) or failing to comply therewith, or issuing any emergency ticket not complying with the requirements as provided in sub-regulation (2) or admitting a person on an emergency ticket as well as a person on a ticket of admission in respect of which the emergency ticket was issued, to a place of entertainment shall be guilty of an offence.

50. (1) All payments of tax in terms of this Chapter shall be accompanied by a form as provided in Schedule A to these regulations, upon which the promoter or his duly authorised agent shall furnish the prescribed particulars.

(b) elkeen word op twee plekke min of meer vertikaal oor die breedte deurprik op so 'n wyse dat dit langs die deurprikkings in drie dele geskeur kan word;

(c) op elkeen van die drie dele in paragraaf (b) genoem verskyn 'n volgnommer; en

(d) die kaartjies word in nommervolgorde in boekies gebind en wel op so 'n wyse dat twee dele aanmekaar geheg, uitgeskeur kan word om 'n derde deel in die boekie as teenblad te laat.

(3) 'n Noodkaartjie word slegs deur die ondernemer uitgereik, wat dit moet teken en die volgende besonderhede op aldrie dele daarvan aanbring voordat hy dit uitreik:—

(a) Die datum van die betrokke vermaaklikheid;

(b) waar meer as een vermaaklikheid van dieselfde ondernemer op dieselfde datum plaasvind, 'n aanduiding van die betrokke vermaaklikheid; en

(c) die volg- of sitpleknommer van die bedoelde toegangsbewys aan die houer uitgereik.

(4) Noodkaartjies word in nommervolgorde uitgereik.

(5) 'n Noodkaartjie word aan 'n persoon uitgereik deur—

(a) twee dele daarvan, nog aanmekaar geheg, uit die boekie te skeur om die derde as 'n teenblad in die boekie te laat; en

(b) bedoelde twee dele, nog aanmekaar geheg, aan sodanige persoon te oorhandig.

(6) Onmiddellik voordat die houer van 'n noodkaartjie tot die plek van vermaaklikheid toegelaat word, moet hy dit aan die deurwag oorhandig.

(7) Die deurwag moet dan—

(a) die twee dele van die noodkaartjie van mekaar skei;

(b) een sodanige deel aan die houer teruggee;

(c) die ander deel—

(i) bewaar tot minstens na afloop van die betrokke vermaaklikheid; en

(ii) op versoek aan 'n amptenaar oorhandig; en

(d) die houer tot die plek van vermaaklikheid toelaat asof hy die houer is van die toegangsbewys ten opsigte waarvan hy die noodkaartjie verkry het.

(8) Die houer moet dié deel van die noodkaartjie aan hom deur die deurwag oorhandig—

(a) bewaar totdat hy finaal die plek van vermaaklikheid verlaat; en

(b) op versoek aan 'n amptenaar oorhandig.

(9) Alle teenblaaie van noodkaartjies moet in die boekies bewaar word vir ten minste drie maande na afloop van sodanige vermaaklikheid waarby enige noodkaartjie van sodanige boekie gebruik is, en die boekie moet op versoek aan 'n amptenaar oorhandig word.

(10) Die nommer van elke noodkaartjie word binne 72 uur nadat dit uitgereik is, in die register aangeteken by die ander aantekeninge ten opsigte van die betrokke vermaaklikheid, soos bepaal in hierdie regulasies.

(11) Enigeen wat 'n bepaling van subregulasie (1), (3), (4), (5), (6), (7), (8), (9) of (10) oortree of versuim om daaraan te voldoen, of enige noodkaartjie uitreik wat nie voldoen aan die vereistes soos bepaal in subregulasie (2) nie, of 'n persoon op 'n noodkaartjie asook 'n persoon op die toegangsbewys ten opsigte waarvan die noodkaartjie uitgereik is, toelaat tot 'n plek van vermaaklikheid, is skuldig aan 'n misdryf.

50. (1) Alle betalings van belasting ingevolge hierdie Hoofstuk moet vergesel wees van 'n vorm soos in Bylae A by hierdie regulasies bepaal, waarop die ondernemer of sy behoorlik gemagtigde agent, die voorgeskrewe besonderhede moet verstrek.

(2) The form shall be attested or confirmed before a commissioner of oaths.

(3) Any person who knowingly furnishes any incorrect or false particular on the said form shall be guilty of an offence.

## CHAPTER VIII.

### MECHANICAL CONTRIVANCES WHICH INDICATE AND CONTROL THE NUMBER OF PERSONS ADMITTED TO AN ENTERTAINMENT.

51. (1) Applications for payment of tax on declaration in respect of any entertainment where a mechanical contrivance is used which indicates and controls the number of persons admitted to the entertainment shall be made in terms of the provisions of Chapter V.

(2) In addition to the particulars prescribed in Chapter V the following particulars shall be furnished in relation to each contrivance concerned:—

(a) The number of the contrivance;

(b) the nature of the contrivance (for example whether it is a barrier or a turnstile);

(c) the amount payable as a charge for admission at the contrivance (including tax); and

(d) whether the contrivance affords admission upon a further payment as referred to in regulation 8.

52. (1) Every person admitted by means of a contrivance shall be counted by the contrivance and indicated on the contrivance.

(2) There shall at all times during the use of a contrivance be present at such contrivance a doorkeeper who shall also ensure that the provisions of these regulations in respect of such contrivance are complied with.

(3) Any person contravening any provision of this regulation or failing to comply therewith shall be guilty of an offence.

53. (1) A contrivance shall only operate in respect of the amount approved by the Administrator in terms of the provisions of regulation 29.

(2) The charge for admission in respect of each contrivance shall be indicated on or near such contrivance in such a manner that persons admitted by means of the contrivance can readily observe such notice before making any payment or being admitted by the contrivance.

(3) Any person allowing any contrivance to function in respect of an amount in excess of that provided in sub-regulation (1) or accepting any higher payment in relation to any contrivance than that so provided, or failing to comply with the provisions of sub-regulation (2) or using any contrivance without the approval of the Administrator for admission to any entertainment shall be guilty of an offence.

54. An official shall on request be permitted to examine a contrivance during the use thereof and at all reasonable times other than such time of use.

55. (1) A form as described in Schedule A to these regulations shall accompany each payment of tax in terms of the provisions of this Chapter.

(2) On the form the promoter or his duly authorised agent shall furnish the prescribed particulars.

(3) The form shall be attested or confirmed before a commissioner of oaths.

(4) Any person who knowingly furnishes any incorrect or false particular on such form shall be guilty of an offence.

## CHAPTER IX.

### MECHANICAL CONTRIVANCES WHICH AUTOMATICALLY REGISTER THE NUMBER OF ADMISSION TICKETS ISSUED.

56. (1) Applications for payment of tax on declaration in respect of an entertainment to which access is afforded by means of a mechanical contrivance which automatically registers the number of admission tickets issued shall be made in terms of the provisions of Chapter V.

(2) Die vorm moet voor 'n kommissaris van ede beëdig of bevestig word.

(3) Enigeen wat wetens enige onjuiste of valse besonderheid op bedoelde vorm verstrek, is skuldig aan 'n misdryf.

## HOOFSTUK VIII.

### MEGANIESE TOESTELLE WAT PERSONE WAT TOT 'N VERMAAKLIKHEID TOEGELAAT WORD, BEHEER EN TEL.

51. (1) Aansoeke om betaling van belasting by verklaring ten opsigte van enige vermaaklikheid waar 'n meganiese toestel gebruik word wat persone, wat tot die vermaaklikheid toegelaat word, beheer en tel, moet ingevolge die bepalings van Hoofstuk V geskied.

(2) Benewens die besonderhede in Hoofstuk V voorgeskryf, moet die volgende besonderhede met betrekking tot elke betrokke toestel verstrek word:—

(a) Die nommer van die toestel;

(b) die aard van die toestel (byvoorbeeld of dit 'n sluitboom of 'n draaiboom is);

(c) die bedrag wat as toegangsgeld (met inbegrip van belasting) by die toestel betaal sal word; en

(d) of die toestel toegang verleen teen 'n verdere betaling soos in regulasie 8 bedoel.

52. (1) Elke persoon wat deur 'n toestel toegelaat word, moet deur die toestel getel en op die toestel aangedui word.

(2) Daar moet te alle tye gedurende die gebruik van 'n toestel 'n deurwag by sodanige toestel teenwoordig wees wat ook moet toesien dat die bepalings van hierdie Regulasies ten opsigte van sodanige toestel nagekom word.

(3) Enigeen wat 'n bepaling van hierdie regulasie oortree of versuim om daaraan te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf.

53. (1) 'n Toestel funksioneer slegs ten opsigte van die bedrag wat deur die Administrateur ingevolge die bepalings van regulasie 29 goedgekeur is.

(2) Die toegangsgeld ten opsigte van elke toestel moet op of naby sodanige toestel aangedui word op so 'n wyse dat persone wat deur die toestel toegelaat word sodanige kennisgewing maklik kan opmerk voordat hulle enige betaling doen of deur die toestel toegelaat word.

(3) Enigeen wat toelaat dat enige toestel funksioneer ten opsigte van 'n hoër bedrag as in subregulasie (1) bepaal, of wat enige hoër betaling aanneem met betrekking tot enige toestel as wat aldus bepaal is, of versuim om aan die bepalings van subregulasie (2) te voldoen, of wat enige toestel sonder die goedkeuring van die Administrateur gebruik vir toelating tot enige vermaaklikheid, is skuldig aan 'n misdryf.

54. 'n Amptenaar word op versoek toegelaat om tydens die gebruik van 'n toestel, en te alle redelike tye buiten sodanige tyd van gebruik, die toestel te ondersoek.

55. (1) 'n Vorm soos in Bylae A by hierdie Regulasies bepaal, moet elke betaling van belasting ingevolge die bepalings van hierdie Hoofstuk vergesel.

(2) Op die vorm moet die ondernemer of sy behoorlik gemagtigde agent die voorgeskrewe besonderhede verstrek.

(3) Die vorm moet voor 'n kommissaris van ede beëdig of bevestig word.

(4) Enigeen wat wetens enige onjuiste of valse besonderheid op bedoelde vorm verstrek, is skuldig aan 'n misdryf.

## HOOFSTUK IX.

### MEGANIESE TOESTELLE WAT DIE AANTAL UITGEREIKTE TOEGANGSBEWYSE OUTOMATIES REGISTREER.

56. (1) Aansoeke om betaling van belasting op verklaring ten opsigte van 'n vermaaklikheid, toegang waartoe verleen word deur middel van 'n meganiese toestel wat die aantal uitgereikte toegangsbewyse outomaties registreer, moet ingevolge die bepalings van Hoofstuk V gedoen word.

(2) In addition to the particulars prescribed in Chapter V the following particulars shall be furnished in relation to each contrivance:—

(*a*) The number of the contrivance;

(*b*) the amount payable as a charge for admission at such contrivance (including tax); and

(*c*) whether the contrivance affords admission upon a further payment as referred to in regulation 8.

57. (1) A contrivance shall only operate in respect of the amount approved by the Administrator in terms of the provisions of regulation 29.

(2) Any person allowing any contrivance to function in respect of an amount in excess of that provided in sub-regulation (1) or accepting any higher payment in relation to any contrivance than that so provided, or using any contrivance without the approval of the Administrator for admission to any entertainment shall be guilty of an offence.

58. (1) Every admission ticket issued shall be registered on the contrivance.

(2) There shall at all times during the use of a contrivance be present at such contrivance a doorkeeper who shall also ensure that the provisions of these regulations in respect of such contrivance are complied with.

(3) Any person contravening any provision of this regulation or failing to comply therewith shall be guilty of an offence.

59. (1) On every admission ticket issued by the contrivance the following shall appear:—

(*a*) A serial number; and

(*b*) the charge for admission (including tax) in respect of such admission ticket and which has been approved by the Administrator in respect of such contrivance in terms of the provisions of regulation 29.

(2) Every contrivance shall issue admission tickets in numerical sequence.

(3) If more than one entertainment of the same promoter takes place on the same date, admission tickets issued in respect of each such entertainment shall differ from one another in colour or design or both.

(4) The holder of an admission ticket issued by means of a contrivance shall retain such admission ticket until he finally leaves the place of entertainment and hand it over to an official on demand.

(5) Any person contravening any provision of this regulation or failing to comply therewith shall be guilty of an offence.

60. An official shall on request be permitted to examine a contrivance during the use thereof and at all reasonable times other than such time of use.

61. (1) A form as described in Schedule A to these regulations shall accompany each payment of tax in terms of the provisions of this Chapter.

(2) On the form the promoter or his duly authorised agent shall furnish the prescribed particulars.

(3) The form shall be attested or confirmed before a commissioner of oaths.

(4) Any person who knowingly furnishes any incorrect or false particulars on such form shall be guilty of an offence.

## CHAPTER X.

### PAYMENT OF TAX ON GROSS TAKINGS IN TERMS OF SECTION *four* (3) OF THE ORDINANCE.

62. (1) Application for payment of tax on the gross takings at any entertainment or entertainments shall be made to the Administrator in terms of the provisions of Chapter V.

(2) In the application reasons shall be given for the contention that the collection of tax in one of the other methods provided in the Ordinance is impracticable owing to the nature of the entertainment or of the place in which the entertainment is given.

(2) Benewens die besonderhede in Hoofstuk V voorgeskryf, moet die volgende besonderhede, met betrekking tot elke toestel, verstrek word:—

(*a*) Die nommer van die toestel;

(*b*) die bedrag wat as toegangsgeld (met inbegrip van belasting) by sodanige toestel betaal sal word; en

(*c*) of die toestel toegang verleen teen 'n verdere betaling soos in regulasie 8 bepaal.

57. (1) 'n Toestel funksioneer slegs ten opsigte van die bedrag wat deur die Administrateur ingevolge die bepalings van regulasie 29 goedgekeur is.

(2) Enigeen wat toelaat dat enige toestel funksioneer ten opsigte van 'n hoër bedrag as in subregulasie (1) bepaal, of wat enige hoër betaling aanneem met betrekking tot enige toestel as wat aldus bepaal is, of wat enige toestel sonder die goedkeuring van die Administrateur gebruik vir toelating tot enige vermaaklikheid, is skuldig aan 'n misdryf.

58. (1) Elke toegangsbewys wat uitgereik word, word op die toestel geregistreer.

(2) Daar moet te alle tye gedurende die gebruik van 'n toestel 'n deurwag by sodanige toestel teenwoordig wees wat ook moet toesien dat die bepalings van hierdie Regulasies ten opsigte van sodanige toestel nagekom word.

(3) Enigeen wat 'n bepaling van hierdie regulasie oortree of versuim om daaraan te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf.

59. (1) Op elke toegangsbewys deur die toestel uitgereik, verskyn die volgende:—

(*a*) 'n Volgnommer; en

(*b*) die toegangsgeld (insluitende belasting) ten opsigte van sodanige toegangsbewys en wat deur die Administrateur ten opsigte van sodanige toestel goedgekeur is ingevolge die bepalings van regulasie 29.

(2) Elke toestel reik toegangsbewyse in nommervolgorde uit.

(3) Indien meer as een vermaaklikheid van dieselfde ondernemer op dieselfde datum plaasvind, moet die toegangsbewyse ten opsigte van elke sodanige vermaaklikheid uitgereik, van mekaar verskil in kleur of ontwerp, of albei.

(4) Die houer van 'n toegangsbewys deur 'n toestel uitgereik, moet sodanige toegangsbewys bewaar totdat hy finaal die plek van vermaaklikheid verlaat en dit op versoek aan 'n amptenaar oorhandig.

(5) Enigeen wat 'n bepaling van hierdie regulasie oortree of versuim om daaraan te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf.

60. 'n Amptenaar word op versoek toegelaat om tydens die gebruik van 'n toestel, en te alle redelike tye buiten sodanige tyd van gebruik, die toestel te ondersoek.

61. (1) 'n Vorm soos in Bylae A by hierdie Regulasies bepaal, moet elke betaling van belasting ingevolge die bepalings van hierdie Hoofstuk vergesel.

(2) Op die vorm moet die ondernemer, of sy behoorlik gemagtigde agent, die voorgeskrewe besonderhede verstrek.

(3) Die vorm moet voor 'n kommissaris van ede beëdig of bevestig word.

(4) Enigeen wat wetens enige onjuiste of valse besonderheid op bedoelde vorm verstrek, is skuldig aan 'n misdryf.

## HOOFSTUK X.

### BETALING VAN BELASTING OP BRUTO ONTVANGSTE INGEVOLGE ARTIKEL *vier* (3) VAN DIE ORDONNANSIE.

62. (1) Aansoek om betaling van belasting op die bruto ontvangste by enige vermaaklikheid of vermaaklikhede, moet ingevolge die bepalings van Hoofstuk V aan die Administrateur gedoen word.

(2) In die aansoek word gemeld waarom daar aangevoer word dat weens die aard van die vermaaklikheid of van die plek waar die vermaaklikheid plaasvind, die invordering van belasting op een van die ander maniere in die Ordonnansie bepaal, onuitvoerbaar is.

63. A promoter who has obtained authority from the Administrator to pay tax on gross takings shall not be bound to any method of admission as provided in these regulations.

64. (1) A form as provided in Schedule B to these regulations shall accompany each payment to the Commissioner of the tax referred to in this Chapter.

(2) On the form the promoter or his duly authorised agent shall furnish the prescribed particulars.

(3) The form shall be attested or confirmed by the declarant before a commissioner of oaths.

(4) Any person who knowingly furnishes any incorrect or false particular on such form shall be guilty of an offence.

## CHAPTER XI.

### PAYMENT OF A LUMP SUM FOR ADMISSION TO MORE THAN ONE ENTERTAINMENT.

65. (1) No club, association, society or promoter (hereinafter in this Chapter called the promoter) shall accept payment for admission to an entertainment in terms of the provisions of section *six* of the Ordinance without the prior approval of the Administrator.

(2) Application for approval of the Administrator shall be made in terms of the provisions of Chapter V and the particulars provided therein shall be furnished where applicable.

(3) Each application shall also contain the following particulars:—

(*a*) The lump sum payable;

(*b*) what part of such sum is claimed to represent payment for other privileges, rights or purposes, in addition to the admission to any entertainment or entertainments, the reasons for the claim and the nature of such privileges, rights or purposes;

(*c*) the various entertainments to which the said lump sum constitutes payment for admission;

(*d*) what further payment for admission is demanded before the payer of the said lump sum is admitted to each of the entertainments referred to in paragraph (*c*).

66. (1) On approval by the Administrator obtained in terms of the provisions of these regulations, the promoter may accept the said lump sum as payment, if a voucher or token is issued to the payer as indication that such sum has been paid.

(2) Every such voucher or token shall have a serial number and be issued in numerial sequence.

67. The promoter shall within 7 days after issue of a token or voucher as described in regulation 66—

(*a*) notify the receiver of revenue of the district concerned in writing of such issue and state the following particulars:—

(i) The number of tokens or vouchers or both issued by him as well as their numbers;

(ii) the reference number on the Administrator's written approval;

(iii) the lump sum paid in respect of each voucher or token referred to; and

(iv) the tax payable in respect of each such lump sum as provided by the Administrator; and

(*b*) pay the tax due.

68. Any person—

(*a*) contravening any provision of regulation 65 (1), 66 or 67 or failing to comply therewith; or

(*b*) knowingly furnishing any incorrect or false information in—

(i) an application to the Administrator in terms of the provisions of regulation 65; or

(ii) a notice to a receiver of revenue in terms of the provisions of regulation 67;

shall be guilty of an offence.

63. 'n Ondernemer wat van die Administrateur toestemming ontvang het om op bruto ontvangste belasting te betaal, is nie gebonde aan enige vorm van toelating soos in hierdie regulasies bepaal nie.

64. (1) 'n Vorm soos in Bylae B by hierdie regulasies bepaal, moet elke betaling aan die Kommissaris van die belasting in hierdie hoofstuk bedoel, vergesel.

(2) Op die vorm moet die ondernemer, of sy behoorlik gemagtigde agent, die voorgeskrewe besonderhede verstrek.

(3) Die vorm moet voor 'n kommissaris van ede beëdig of bevestig word.

(4) Enigeen wat wetens enige onjuiste of valse besonderheid op bedoelde vorm verstrek, is skuldig aan 'n misdryf.

## HOOFSTUK XI.

### BETALINGS AS TOEGANGSGELD VIR MEER AS EEN VERMAAKLIKHEID.

65. (1) Geen klub, vereniging, genootskap of ondernemer (hierna in hierdie hoofstuk die ondernemer genoem) mag betaling vir toelating tot 'n vermaaklikheid ingevolge die bepalings van artikel *ses* van die Ordonnansie aanneem nie, sonder vorige goedkeuring van die Administrateur.

(2) Aansoek om goedkeuring van die Administrateur word ingevolge die bepalings van Hoofstuk V gedoen en die gegewens daarin bepaal, word verstrek waar toepaslik.

(3) Elke aansoek bevat ook die volgende gegewens:—

(*a*) Die ronde som betaalbaar;

(*b*) welke deel van sodanige som dit beweer word betaling is vir ander voorregte, regte of doeleindes, benewens die toelating tot enige vermaaklikheid of vermaaklikhede, die redes vir die bewering en die aard van bedoelde voorregte, regte of doeleindes;

(*c*) die verskillende vermaaklikhede waartoe bedoelde ronde som betaling vir toelating is; en

(*d*) welke verdere betaling vir toelating geverg word voordat die betaler van die bedoelde ronde som tot elkeen van die vermaaklikhede in paragraaf (*c*) bedoel, toegelaat word.

66. (1) By goedkeuring van die Administrateur ingevolge die bepalings van hierdie regulasies verkry, kan die ondernemer bedoelde ronde som as betaling aanneem, indien aan die betaler 'n dokumentêre bewys of kenteken uitgereik word as aanduiding dat sodanige som betaal is.

(2) Elke sodanige dokumentêre bewys of kenteken moet 'n volgnommer hê en word in nommervolgorde uitgereik.

67. Die ondernemer moet binne sewe dae na uitreiking van 'n kenteken of dokumentêre bewys soos in regulasie 66 beskryf—

(*a*) die ontvanger van inkomste van die betrokke distrik skriftelik van sodanige uitreiking in kennis stel en die volgende besonderhede vermeld:—

(i) Die getal kentekens of dokumentêre bewyse of albei deur hom uitgereik, sowel as hul nommers;

(ii) die verwysingsnommer op die Administrateur se skriftelike goedkeuring;

(iii) die ronde som betaal ten opsigte van elke bedoelde dokumentêre bewys of kenteken; en

(iv) die belasting betaalbaar ten opsigte van elke sodanige ronde som soos deur die Administrateur bepaal; en

(*b*) die betaalbare belasting betaal.

68. Enigeen wat—

(*a*) 'n bepaling van regulasie 65 (1), 66 of 67 oortree of versuim om daaraan te voldoen; of

(*b*) wetens enige onjuiste of valse inligting verstrek in 'n—

(i) aansoek aan die Administrateur ingevolge die bepalings van regulasie 65; of

(ii) kennisgewing aan 'n ontvanger van inkomste ingevolge die bepalings van regulasie 67;

is skuldig aan 'n misdryf.

## CHAPTER XII.

### COMPLIMENTARY TICKETS AND PASS-OUTS.

69. (1) No promoter or any person on his behalf shall accept any payment for or for the use of any ticket or pass-out described in this chapter.

(2) Any person contravening the provision of sub-regulation (1) shall be guilty of an offence.

### A. *Complimentary Tickets.*

70. Where admission to an entertainment takes place in any manner provided in these regulations have by means of admission tickets with seat numbers in accordance with the rack booking system, a complimentary ticket may be issued as provided by regulation 71 to afford the holder thereof free admission to the place of entertainment, or any part thereof or seat therein, in terms of the provisions of these Regulations.

71. (1) Complimentary tickets shall be clearly marked "free" or "complimentary", or have some mark, colour or design clearly distinguishing them from other admission tickets in respect of the same entertainment.

(2) Every complimentary ticket shall afford admission to the place of entertainment to one person only.

72. (1) The promoter shall determine whether the holder of a complimentary ticket shall be admitted merely on production thereof to the doorkeeper or on handing it to the doorkeeper.

(2) Where a complimentary ticket is handed to the doorkeeper he shall—

(*a*) divide the ticket into two;

(*b*) return one part to the holder; and

(*c*) (i) retain at least until after the conclusion of the entertainment concerned; and

(ii) hand over to an official on demand,

the other part.

(3) The holder shall—

(*a*) retain until he finally leaves the entertainment concerned; and

(*b*) hand over to an official on demand,

the complimentary ticket or that part returned to him in terms of the provisions of paragraph (*b*) of sub-regulation (2).

73. (1) In the case of an entertainment at which admission tickets with seat numbers in accordance with the rack booking system are used free admission shall be granted only by the issue to a holder of an admission ticket as provided in Chapter VII.

(2) Should an admission ticket be issued in terms of sub-regulation (1) the seat number thereof shall be recorded in the register and on the letter, complimentary voucher, or other document enabling the holder to obtain an admission ticket or tickets free of charge, which letter, voucher or document shall be kept with the register for at least one month after conclusion of the entertainment concerned.

74. Any person contravening a provision of regulations 71, 72 (2) and (3) or 73 or fail to comply therewith, shall be guilty of an offence.

### B. *Pass-outs.*

75. (1) A promoter may issue a pass-out to any person who is admitted to an entertainment in terms of the provisions of these regulations and leaves such place of entertainment or a part thereof temporarily.

(2) Such pass-out shall give the holder the right to be re-admitted on handing such pass-out to the doorkeeper.

76. Where all, or the majority of, the available seats for an entertainment have been sold out, any person may be re-admitted without any ticket and shall then be deemed to be a holder of a pass-out.

## HOOFSTUK XII.

### KOMPLIMENTÊRE KAARTJIES EN TERUGKOMKAARTJIES.

69. (1) Geen ondernemer of iemand namens hom mag enige betaling aanneem vir, of vir die gebruik van, enige *kaartjie in hierdie hoofstuk beskryf nie.*

(2) Enigeen wat die bepaling van subregulasie (1) oortree, is skuldig aan 'n misdryf.

### A. *Komplimentêre kaartjies.*

70. Waar toelating tot 'n vermaaklikheid geskied op enige wyse in hierdie regulasies bepaal, uitgenome deur toegangsbewyse met sitpleknommers ingevolge die rakbesprekingstelsel, kan 'n komplimentêre kaartjie soos by regulasie 71 bepaal, uitgereik word om die houer daarvan vry toegang te verleen tot die plek van vermaaklikheid, of enige deel daarvan of sitplek daarin, ingevolge die bepalings van hierdie regulasies.

71. (1) Komplimentêre kaartjies moet duidelik „vry" of „komplimentêr" gemerk word, of die een of ander merk, kleur of ontwerp hê wat hulle duidelik onderskei van ander *toegangsbewyse ten opsigte van dieselfde* vermaaklikheid.

(2) Elke komplimentêre kaartjie verleen slegs aan een persoon toelating tot die plek van vermaaklikheid.

72. (1) Die ondernemer bepaal of die houer van 'n komplimentêre kaartjie slegs op vertoon daarvan aan die deurwag of by oorhandiging daarvan aan die deurwag toegelaat word.

(2) Waar 'n komplimentêre kaartjie aan die deurwag oorhandig word, moet hy—

(*a*) die kaartjie in twee deel;

(*b*) een deel aan die houer teruggee; en

(*c*) die ander deel—

(i) bewaar minstens tot na afloop van die betrokke vermaaklikheid; en

(ii) op versoek aan 'n amptenaar oorhandig.

(3) Die houer moet die komplimentêre kaartjie, of dié deel ingevolge die bepalings van paragraaf (*b*) van subregulasie (2) (*b*) aan hom teruggee—

(*a*) bewaar totdat hy finaal die betrokke vermaaklikheid verlaat; en

(*b*) op versoek aan 'n amptenaar oorhandig.

73. (1) In die geval van 'n vermaaklikheid waarby toegangsbewyse met sitpleknommers ingevolge die rakbesprekingstelsel gebruik word, word gratis toegang slegs verleen deur aan 'n houer 'n toegangsbewys soos in Hoofstuk VII bepaal, uit te reik.

(2) Indien 'n toegangsbewys ingevolge subregulasie (1) uitgereik word, moet die sitpleknommer daarvan aangeteken word in die register en op die brief, vrybewys of ander dokument wat die houer in staat stel om gratis 'n toegangsbewys of bewyse te ontvang, welke brief, vrybewys of dokument by die register gehou moet word vir minstens een maand na afloop van die betrokke vermaaklikheid.

74. Enigeen wat 'n bepaling van regulasie 71, 72 (2) en (3) of 73 oortree, of versuim om daaraan te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf.

### B. *Terugkomkaartjies.*

75. (1) 'n Ondernemer mag 'n terugkomkaartjie uitreik aan enige persoon wat volgens die bepalings van hierdie regulasies tot 'n vermaaklikheid toegelaat is en wat sodanige plek van vermaaklikheid of 'n deel daarvan tydelik verlaat.

(2) Sodanige kaartjie verleen aan die houer die reg om by oorhandiging van sodanige terugkomkaartjie aan die deurwag hertoegelaat te word.

76. Waar al, of die meeste van, die beskikbare sitplekke vir 'n vermaaklikheid uitverkoop is, kan enige persoon sonder enige bewys hertoegelaat word en word dan geag 'n houer van 'n terugkomkaartjie te wees.

77. Notwithstanding the provisions of regulations 75 and 76 a holder may be re-admitted to any place of entertainment on production to the doorkeeper of—

(i) a part of an official admission ticket retained by him in terms of the provisions of Chapter III;

(ii) a part of an admission ticket retained by him in terms of the provisions of Chapter VII; or

(iii) an admission ticket issued to him in terms of the provisions of Chapter IX.

78. Any person making use of a pass-out of which he is not the holder shall be guilty of an offence: Provided that where any person legally obtains a pass-out from the holder thereof as well as the admission ticket or part thereof concerned such person shall become the holder of such pass-out and admission ticket or part thereof.

## CHAPTER XIII.

### Register.

79. (1) Every promoter shall keep a register as prescribed in this chapter and record the particulars therein as provided in these regulations.

(2) Any promoter failing to keep any register as prescribed or to record therein any prescribed particulars as provided, shall be guilty of an offence.

80. (1) The register shall be kept in book form and shall not contain loose pages.

(2) The pages shall be numbered consecutively from front to back before any particular is recorder in the register.

(3) Duplicate pages may be used in the register on condition that—

(*a*) the same number of duplicates appear in the register after each original page;

(*b*) every duplicate bears the same number as the preceding original page; and

(*c*) all particulars on the duplicate pages coincide in all respects with the particulars on the original page.

(4) The pages in the register shall be used in numerical sequence.

81. Before any admission ticket is issued in respect of an entertainment or any person is admitted to the entertainment, the following particulars shall be recorded in the register: —

(*a*) The date of the entertainment concerned;

(*b*) if more than one entertainment of the same promoter take place on such date, an indication of the entertainment concerned;

(*c*) the various amounts of the charges for admission;

(*d*) particulars as prescribed in regulations 82 up to and including 85 where applicable; and

(*e*) particulars prescribed elsewhere in these regulations.

82. Where official admission tickets are used in terms of the provisions of Chapter IV the serial letter and number of the first admission ticket in respect of each price of admission to be issued, shall be recorded in the register in respect of each place where official admission tickets are to be issued.

83. Where admission tickets are used in terms of the provisions of Chapter VII save where only admission tickets with seat numbers in accordance with the rack booking system are used for the entertainment concerned, the following particulars shall be recorded in the register in respect of each place where admission tickets are to be issued: —

(*a*) The number of the first admission ticket in respect of each price of admission to be issued; and

(*b*) the number of the first transfer ticket to be issued.

77. Nieteenstaande die bepalings van regulasies 75 en 76 kan 'n houer hertoegelaat word tot enige plek van vermaaklikheid by vertoon aan die deurwag van—

(i) 'n deel van 'n amptelike toegangsbewys ingevolge die bepalings van Hoofstuk III deur hom bewaar; of

(ii) 'n deel van 'n toegangsbewys ingevolge die bepalings van Hoofstuk VII deur hom bewaar; of

(iii) 'n toegangsbewys aan hom uitgereik ingevolge die bepalings van Hoofstuk IX.

